**Woensdag 5 April**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 5:1-18 (AFR83/AFR2020)**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 5:5**

**Die Here is teenwoordig waar Hy aanbid word**

In 2 Samuel 7 het Dawid nie direk aangedui dat hy ’n tempel vir die Here wil bou nie. Hy het dit wel geïmpliseer deur te praat van sy paleis en die tent waarin die ark was. Die Here het egter gesê dat Dawid se seun dit sal doen. ’n Aanbiddingsplek is wel belangrik, maar soos ons gister gesien het, is ons persoonlike verhouding met God belangriker as ’n struktuur.

Wanneer Salomo hier sy begeerte uitspreek om ’n tempel te bou, haal hy die woorde van die Here aan Dawid aan. In sowel die aanhaling as in Salomo se eie woorde staan daar nie bloot dat hy ’n tempel vir die Here wil bou nie. Nee, Salomo sê dat hy “’n tempel vir die Naam van die HERE” wil bou. Die verbinding van die bou van ’n tempel aan die Naam van die Here kom ook voor in 2 Samuel 7:13, 1 Konings 8:17, 1 Kronieke 29:16 en 2 Kronieke 6:7.

Die verwysing na die Naam van die Here wil dit duidelik maak dat die Here op ’n sekere manier in die tempel teenwoordig sal wees. Die tempel dien as ’n simbool van God se teenwoordigheid. 1 Konings 8 beskryf die ingebruikneming van die tempel wat Salomo gebou het. Nadat die priesters die ark in die Allerheiligste gesit en die tempel verlaat het, het die heerlikheid van die Here die tempel gevul. Juis dit het dit duidelik gemaak dat die Here op ’n manier in die tempel teenwoordig is, in die midde van sy volk. Natuurlik is Hy alomteenwoordig, maar die tempel was op ’n besondere manier die simbool van God se teenwoordigheid.

So kan ons seker wees dat die Here teenwoordig is wanneer ons as gelowiges in die kerk byeenkom, maar ook wanneer ons sy Woord lees en tot Hom bid.

*Sing: Psalm 5-2:3, 5*
*Prof. HF van Rooy (Herrie) (emeritus)*